SENWESBEL BPK

VERKORTE JAARVERSLAG

INHOUDSOPGAWE

Inleiding en bestek	2
Raad van Direkteure	4
Voorsittersverslag	6
5-jaar oorsig oor die belegging in Senwes Beperk	10
Gekonsolideerde staat van finansiële posisie	11
Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste	12
Gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit	13
Gekonsolideerde staat van kontantvloeie	14
Segmentinligting	15

Volledige finansiële state is beskikbaar op die Senwes webblad by www.senwes.co.za.

Inleiding en bestek van verslag

Ons bied met trots die verkorte jaarverslag van Senwesbel Groep aan vir die jaar geëindig 30 April 2013.

Hierdie verslag is ons primêre verslagdoeningsvoertuig en die enigste gedrukte verslag en moet saamgelees word met volledige finansiele jaarstate wat beskikbaar is op Senwes Beperk se webtuiste. 'n Onafhanklike oudit van die Groep se finansiële jaarstate is deur Ernst & Young Ing. uitgevoer.

Senwesbel Beperk tree op as 'n beleggingsmaatskappy. Die belang in Senwes Beperk is Senwesbel se enigste belegging. Geen korporatiewe beheer, oorsig oor bedrywe, geïntegreerde- en volhoubaarheidsverslag is in die Senwesbel finansiële jaarverslag ingesluit nie. Senwes Beperk openbaar hierdie verslae volledig. Verwys na Senwes Beperk se webtuiste, www.senwes.co.za, vir hierdie verslae.

Die inhoud van hierdie verslag is gefokus rondom gebeure gedurende die jaar geëindig 30 April 2013 en tref relevante vergelykings met vorige periodes.

Verslagdoeningsbeginsels
Waar van toepassing voldoen die inligting wat verskaf word aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr. 71 van 2008 voldoen. Die rekeningkundige beleid wat vir die huidige jaar deur die Groep aanvaar is, is konsekwent met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die Groep se finansiële jaarstate vir die vorige finansiële jaar. Die inligting vervat in die verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie en is op basis van interne rekords en publieke inligting opgestel onder toesig van LA Grobler, GR(SA).

RAAD VAN DIREKTEURE

DANIE MINNAAR (48)

VOORSITTER
B.Com
Direksielid sedert
September 1999
Lid van
Ouditkomitee

JAPIE GROBLER (61)

ONDERVOORSITTER
B.Juris LLB
Direksielid sedert
April 1997

DRIES KRUGER (62)

BCompt(Hons),
GR(SA)
Direksielid sedert
Oktober 2007
Voorsitter van
Ouditkomitee

NICO LIEBENBERG (44)

BCom (Hons),
M. Volhoubare
Landbou
Direksielid sedert
Augustus 2008

JACO MINNAAR (36)

BIng
(Landbou)
Direksielid sedert
Augustus 2011

THABO VAN ZYL (39)

B.Sc (Landbou-
ekonomie)
Direksielid sedert
Augustus 2012

ALWYN SCHOLTZ (44)

MAATSKAPPYSEKRETARIS
B.Com (Regte), LLB
Toegelate prokureur
en aktevervaardiger
van die Hoër Hof
Aangestel op
1 September 2010

VOORSITTERSVERSLAG

> “Die transaksie tussen Senwes en Afgri groepeer die kleinhandels- sowel as die groothandelsoogmerke ten einde ’n meer volhoubare en mededingende besigheid daar te stel.”

Senwesbel het gedurende die afgelope jaar ‘n totale opbrengs van R45,6 miljoen vir sy aandeelhouers gegenereer. Vanuit hierdie opbrengs is R26 miljoen in dividende uitbetaal en addisionele aandele ter waarde van R4 miljoen is in die Senwes Groep opgeneem. Daarmee het Senwesbel ‘n netto groei van R118 miljoen getoon en kan die maatskappy ‘n verdienste per aandeel van R1,34 aankondig.

Senwes totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (kapitaalgroei & dividende) (%)



’n Finale dividend van 15 sent per aandeel is verklaar, wat deel uitmaak van ’n totale dividend van 28 sent per aandeel wat gedurende die afgelope jaar uitgekeer is.

Senwes presteer uitsonderlik

Senwes het vanjaar, te midde van uitdagende omstandighede, ’n wins na belasting van R307 miljoen behaal; die maatskappy se beste prestasie sedert 2009. Spesiale dank hiervoor gaan aan die Senwes bestuurspan vir die volgehoue eienaarskap wat hulle in die Senwes Groep en sy groeistrategie openbaar.

Village se meganisasiebesigheid het bo gemiddelde verkope getoon, terwyl die kleinhandelsbesigheid met uitsonderlike prestasies kan spog op verskeie ander gebiede. Senwes Credit se debiteureboek het met 11,3% gegroei en die R2 miljard-merk verbygesteek, terwyl laer versporings Senwes Grainlink se silobesigheid in staat gestel het om op verlede jaar se prestasie te verbeter, ten spyte van lae oordragvoorraad en onder gemiddelde ontvangste.

Senwes se konsolidasieplanne lewer reeds ’n goeie opbrengs op belegging, soos gesien kan word uit die vordering wat gemaak is met die volgende gesamentlike ondernemings gedurende die afgelope jaar:

- Bunge Senwes – internasionale graanverhandelingsbesigheid met Bunge (Geneve) as strategiese vennoot;
- Tarasti (Univision Groep) – versekeringsbesigheid met NWK as vennoot;
- Grainovation – logistieke besigheid met Imperial as spesialisvennoot;
- JD Implemente – John Deere meganisasiebesigheid saam met die Tomlinson-familie; en
- Senwes Batefinansiering – batefinansieringsbesigheid saam met Wesbank.

Konsolidasie in die landbou-omgewing

Landboubesighede vereis kritiese massa en spesialisasie om te oorleef en konsolidasie is waarskynlik vir eers die oplossing. Die transaksie tussen Senwes en Afgri groepeer die kleinhandels- sowel as die groothandelsoogmerke saam ten einde 'n meer volhoubare en mededingende besigheid daar te stel.

In die proses sal verdienste vir beide Senwesbel en sy filiaal verhoog. Sinergieë en verhoogde ekonomieë van skaal sal bydra tot laer pryse, sowel as 'n beter en wyer produkaanbod vir die eindverbruiker. Dit verminder ook Senwes se kommoditeits- en geografiese konsentrasierisiko.

Met 'n beherende 59,6% aandeelhouding in die Senwes Groep sal ons Senwes ondersteun in die strewe na konsolidasie, ten einde die groep by te staan om sy strategiese raamwerk verder uit te rol. Landboumarkte is volwasse en die klem gaan in die toekoms val op die sny van bo-koste deur middel van innoverende en strategiese vennootskappe.

Terugvoering oor Treacle hofsaak

Treacle, 'n minderheidsaandeelhouer in Senwes, het in Julie 2010 'n hofaansoek teen Senwesbel en Senwes gebring. Daar is beweer dat sekere historiese aandeeltransaksies deur Senwesbel om aandele in Senwes te verkry, ongeldig was. Die Hoogste Hof van Appèl het op 28 Maart 2013 'n aansoek deur die Treacle Fund II teen Senwesbel en Senwes afgewys en Treacle is opgesaal met beide Senwesbel en Senwes se regskoste.

VOORSITTERSVERSLAG vervolg

Ons is verlig dat hierdie poging tot waardestroping finaal afgeweer is en spreek graag ons dank uit vir die deurlopende ondersteuning van die aandeelhouers, wat hul steun gevoeg het tot dié van die Direksie.

Wat julle in die volgende jaar kan verwag

Die oorblywende R213 miljoen verpligting vir die verkryging van die Royal Bafokeng belang in Senwes moet verder gedelg word en aandeelhouers kan dus 'n meer konserwatiewe dividend in die komende jaar verwag.

Die landboubedryf in Suid-Afrika is bekend vir wisselvallige siklusse en hoewel die afgelope vyf jaar gekenmerk is deur buitengewoon goeie siklusse, moet besluite steeds omsigtig en versigtig geneem word aangesien normale tot swakker siklusse reeds lank in afwagting is.

Daar is verder ook geen aanduiding dat die volatiliteit in die landbou-omgewing in terme van kommoditeitspryse, wisselkoerse en die ru-olieprys, gaan afneem nie. Goeie basiese kennis van die mark is dus nodig vir besluitneming en ter wille van behoorlike risiko- en verskansingstrategieë is 'n spesialisvennoot van groot waarde.

Dit is moontlik dat produsente meer konserwatiewe gedrag in die komende jaar kan openbaar weens die heersende ekonomiese klimaat. Die voorneme om te plant sal krities beïnvloed word deur die beskikbaarheid van grondvog en sal waarskynlik tot 'n groter mate oorweeg en toegepas word. Die stabiliteit van die Senwesbel aandeelprys bied gedurende hierdie onseker tye steeds uitstekende sekuriteit vir maand- en produksierekeninge by Senwes.

Insetkoste kan in die komende seisoen wesenlik styg, opbrengste gaan waarskynlik afneem en internasionale pryse kan plaaslike pryse laer dwing weens goeie aanplantings en gevolglike goeie opbrengste wat in die VSA verwag word. Dit is 'n tipiese stagnasie-omgewing waar primêre en sekondêre landbou waarskynlik die effek van 'n kosteknyptang sal voel.

Volhoubare landbou is 'n voorwaarde vir volhoubare voedselproduksie, wat op sy beurt grootliks tot die stabiliteit van 'n land bydra. Daarom sal ons deur middel van georganiseerde landboustrukture poog om met die regering en ander belangegroepe saam te werk om sodoende die probleme wat die landbousektor in die gesig staar, te probeer aanspreek.

Grondwaardes het onlangs uitermatig gestyg weens die goeie siklus, maar die moontlikheid bestaan dat grondpryse kan afplat en dat pryse sal herstel tot meer volhoubare koop- en huurpryse in die komende jaar.

As direksie van Senwesbel is ons dankbaar teenoor ons Skepper vir die geleenthede wat oor ons pad gekom het gedurende die jaar en die hulpbronne wat tot ons beskikking was om hierdie geleenthede te kon benut. Ek spreek ook graag my dank uit teenoor my direkteure en ons Maatskappysekretaris, Alwyn Scholtz, vir hul ondersteuning en geloof in Senwesbel.

JDM Minnaar
VOORSITTER

Klerksdorp
24 Junie 2013

5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING
IN SENWES BEPERK

Senwesbel Beperk besit 'n 59,6% belang in Senwes Bpk soos op 30 April 2013. Die belegging se kern-statistiek is soos volg:

	2013	2012	2011	2010	2009
Senwesbel se belang in Senwes (%)	**59,6**	58,8	41,2	39,2	37,9
Omset uit voortgesette bedrywe (R'm)	**13 886**	11 875	7 550	9 039	11 157
Wins na belasting (R'm)	**307**	265	219	209	368
Verdienste per aandeel (sent)	**168,9**	146,0	121,1	115,6	203,0
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**152,4**	132,8	116,2	114,4	190,3
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**884,4**	756,7	680,3	585,5	622,8
Sluitingsmarkprys (sent)	**1 040,0**	900,0	1 020,0	730,0	550,0
Groei in markprys (%)	**15,5**	(11,8)	39,7	32,7	4,7
Totale dividend (sent)	**61,0**	60,0	35,0	140,0	62,0
Finale dividend verklaar (sent)	**31,0**	15,0	25,0	15,0	30,0
Tussentydse dividend betaal (sent)	**26,0**	45,0	10,0	25,0	15,0
Spesiale dividend betaal (sent)	**4,0**	-	-	100,0	17,0
Opbrengs op openingsekwiteit (%)	**22,3**	21,5	20,7	18,6	43,6
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (%)	**20,7**	20,3	19,1	19,1	37,3
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (uitgesluit spesiale dividend)	**5,9**	6,3	4,0	6,3	8,4
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (ingesluit spesiale dividend)	**6,3**	6,3	4,0	21,9	11,5
Totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (kapitaalgroei plus dividende) (%)	**22,3**	(5,9)	44,5	58,2	16,6

Enkele hoogtepunte van die belegging:

- Wins na belasting van R307 miljoen, wat 'n 22,3% opbrengs op openingsekwiteit verteenwoordig.
- Dividendopbrengs (ingesluit spesiale dividend) van 6,3% (2012: 6,3%).
- Verdienste per aandeel neem toe tot 168,9 sent per aandeel (2012: 146,0 sent per aandeel).
- Netto batewaarde per aandeel styg met 16,9% tot 884,4 sent per aandeel (2012: 756,7 sent per aandeel).

Die volgende is relevante beleggingstatistiek ten opsigte van die belegging:

	2013	Vyf-jaar gemiddeld
Prysverdiensteverhouding – wesensverdienste (keer)	**6,8**	6,3
Totale aandeelhouersopbrengs – openingsmarkprys (%)	**22,3**	27,1
Dividenddekking (keer)	**2,8**	2,6

Senwesbel netto batewaarde per aandeel:

	2013	2012	2011	2010	2009
Netto batewaarde per aandeel (R)	**8,74**	7,71	5,27	4,77	5,23

Senwesbel Bpk het gedurende die jaar 438 125 aandele in Senwes Bpk bekom. Dit, tesame met die Senwes aandeel-terugkoopprogram het die belang in Senwes laat toeneem vanaf 58,8% na 59,6%.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 30 April 2013

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2013 R'm	2012 R'm	**2013 R'm**	2012 R'm
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	**984**	1 028	**-**	-
Belegging in filiaal	**-**	-	**1 110**	957
Belegging in geassosieerdes	**1**	1	**-**	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	**114**	58	**-**	-
Ander finansiële bates	**3**	3	**-**	-
Lenings en bedrae ontvangbaar	**340**	311	**-**	-
Uitgestelde belastingbate	**23**	26	**-**	-
Totale nie-bedryfsbates	**1 465**	1 427	**1 110**	957
Bedryfsbates				
Voorraad	**712**	709	**-**	-
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**1 736**	1 589	**-**	-
Ander lenings ontvangbaar	**171**	39	**16**	26
Agentskapsgraandebiteure	**263**	274	**-**	-
Afgeleide finansiële instrumente	**12**	41	**-**	-
Kontant en korttermyndeposito's	**49**	24	**-**	-
Belasting ontvangbaar	**1**	-	**1**	-
Totale bedryfsbates	**2 944**	2 676	**17**	26
Bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	**343**	-	**-**	-
TOTALE BATES	**4 752**	4 103	**1 127**	983
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE				
Ekwiteit				
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	**1**	1
Aandelepremie	**518**	518	**518**	518
Nie-verdeelbare reserwe	**78**	78	**78**	78
Ander reserwes	**(39)**	(27)	**386**	264
Behoue inkomste	**490**	355	**(136)**	(134)
Eie ekwiteit	**1 048**	925	**847**	727
Nie–beherende belang	**875**	789	**-**	-
Totale ekwiteit	**1 923**	1 714	**847**	727
Nie-bedryfslaste				
Rentedraende lenings	**1 000**	657	**-**	207
Langtermynaansporingsbonusse	**9**	7	**-**	-
Uitgestelde belastinglas	**205**	205	**67**	39
Totale nie-bedryfslaste	**1 214**	869	**67**	246
Bedryfslaste				
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**398**	468	**-**	1
Rentedraende lenings	**978**	970	**213**	8
Afgeleide finansiële instrumente	**1**	7	**-**	-
Belasting betaalbaar	**-**	8	**-**	1
Korttermynaansporingsbonusse	**76**	52	**-**	-
Voorsienings	**3**	15	**-**	-
Totale bedryfslaste	**1 456**	1 520	**213**	10
Laste wat direk verband hou met die bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	**159**	-	**-**	-
Totale laste	**2 829**	2 389	**280**	256
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**4 752**	4 103	**1 127**	983

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 30 April 2013

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2013 R'm	2012* R'm	**2013 R'm**	2012 R'm
Dienste gelewer	**403**	263	**-**	-
Finansieringsinkomste	**155**	100	**1**	4
Inkomste uit bedryfsaktiwiteite	**13 328**	5 951	**-**	-
Inkomste	**13 886**	6 314	**1**	4
Koste van verkope	**(12 873)**	(5 719)	**-**	-
Bruto wins	**1 013**	595	**1**	4
Ander bedryfsinkomste	**-**	2	**44**	76
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes	**(577)**	(344)	**(4)**	(9)
Bedryfswins	**436**	253	**41**	71
Finansieringskoste	**(120)**	(72)	**(17)**	(21)
Winsdeel van geassosieerdes	**-**	34	**-**	-
Winsdeel van gesamentlike ondernemings	**7**	2	**-**	-
Hermetingswins	**-**	219	**-**	-
Oorskot met verkryging	**1**	4	**-**	-
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**324**	440	**24**	50
Belasting	**(78)**	(51)	**-**	(1)
Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede	**246**	389	**24**	49
Wins na belasting van beëindigende bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming**	**42**	25	**-**	-
Wins vir die jaar	**288**	414	**24**	49
Ander omvattende inkomste, na belasting	**3**	2	**122**	(115)
Billikewaardeaanpassings ten opsigte van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates	**-**	-	**122**	(115)
Ander omvattende inkomste van geassosieerde	**3**	2	**-**	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**291**	416	**146**	(66)
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**161**	337	**24**	49
Nie-beherende belang	**127**	77	**-**	-
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**163**	338	**122**	(66)
Nie-beherende belang	**128**	78	**-**	-
Verdienste per aandeel				
Basiese en verwaterde verdienste vir die jaar toeskryfbaar aan gewone ekwiteitshouers van die houermaatskappy (sent)	**134,2**	320,9		
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**108,4**	84,7		

* Senwes Groep is vanaf 1 September 2011 as 'n filiaal verantwoord en dus is 8 maande se resultate van die Senwes Groep ingesluit in April 2012 se resultate.

Dividende vir die jaar:	**2013 Sent / aandeel**	2012 Sent / aandeel
Dividend per aandeel betaal gedurende die jaar	22,0	33,0
Vorige jaar finale dividend	9,0	14,0
Interim dividend	13,0	6,0
Tweede interim dividend	-	13,0
Finale dividend per aandeel voorgestel	15,0	9,0

** *Senwes se kleinhandelsbedrywighede is in 'n nuwe entiteit saamgesmelt. Hierdie entiteit sal as 'n gesamentlike onderneming funksioneer, waarin Senwes 'n 50% aandeelhouding sal hê. Alhoewel Senwes steeds die wins of verlies na belasting in wins of verlies op 'n ekwiteitsbasis sal erken, vereis IFRS 5 dat waar 'n wesenlike gedeelte van 'n besigheid oorgeplaas word na 'n gesamentlike onderneming, die wins of verlies van hierdie bedrywighede as beëindigende bedrywighede geopenbaar moet word.*

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 30 April 2013

	UITGEREIKTE AANDELE-KAPITAAL	AANDELEPREMIE	NIE-VERDEELBARE RESERWE	VERANDERING IN EIENAARSKAP	BILLIKE WAARDE-AANPASSING	BEHOUE INKOMSTE	EKWITEIT VAN GEASSOSIEERDE	NIE-BEHERENDE BELANG	TOTALE EKWITEIT
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
GROEP									
Saldo op 30 April 2011	**1**	**431**	**78**	**-**	**(29)**	**51**	**1**	**-**	**533**
Regte-uitgifte van aandele	-	87	-	-	-	-	-	-	87
Terugwerkende insluiting van nie-beherende belang:	-	-	-	-	-	-	-	1 086	1 086
Begin van die jaar	-	-	-	-	-	-	-	723	723
1 Mei tot 31 Augustus 2011	-	-	-	-	-	-	-	363	363
Verkryging van Senwes belang vanaf nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	-	-	-	-	(323)	(323)
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	-	337	1	78	416
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	337	-	77	414
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	1	1	2
Dividende	-	-	-	-	-	(33)	-	(52)	(85)
Saldo op 30 April 2012	**1**	**518**	**78**		**(29)**	**355**	**2**	**789**	**1 714**
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-		161	2	128	291
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	161	-	127	288
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	2	1	3
Dividende	-	-	-	-	-	(26)	-	(31)	(57)
Verandering in eienaarskap	-	-	-	(14)	-	-	-	-	(14)
Verkryging van Senwes belang vanaf nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	-	-	-	-	(10)	(10)
50% van Afrika belang verkoop	-	-	-	-	-	-	-	(1)	(1)
Saldo op 30 April 2013	**1**	**518**	**78**	**(14)**	**(29)**	**490**	**4**	**875**	**1 923**
MAATSKAPPY									
Saldo op 30 April 2011	**1**	**431**	**78**	**-**	**379**	**(150)**	**-**	**-**	**739**
Regte-uitgifte van aandele	-	87	-	-	-	-	-	-	87
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	(115)	49	-	-	(66)
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	49	-	-	49
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	(115)	-	-	-	(115)
Dividende	-	-	-	-	-	(33)	-	-	(33)
Saldo op 30 April 2012	**1**	**518**	**78**	**-**	**264**	**(134)**	**-**	**-**	**727**
Totale omvattende inkomste				-	122	24	-	-	146
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	24	-	-	24
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	122	-	-	-	122
Dividende	-	-	-	-	-	(26)	-	-	(26)
Saldo op 30 April 2013	**1**	**518**	**78**	**-**	**386**	**(136)**	**-**	**-**	**847**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

vir die jaar geëindig 30 April 2013

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2013 R'm	2012 R'm	**2013 R'm**	2012 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**330**	180	**(4)**	(9)
Finansieringsinkomste	**155**	100	**1**	4
Ander bedryfsinkomste	**-**	2	**44**	76
Finansieringskoste betaal	**(120)**	(72)	**(17)**	(21)
Belasting betaal	**(117)**	(93)	**(2)**	(1)
Dividende betaal	**(57)**	(85)	**(26)**	(33)
Verandering in bedryfskapitaal	**(535)**	(88)	**(1)**	1
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit bedryfsaktiwiteite	**(344)**	(56)	**(5)**	17
Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite	**(151)**	(353)	**(3)**	(321)
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(72)**	(44)	**-**	-
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**3**	3	**-**	-
Verkope/(aankope) van belang in filiale	**20**	(276)	**(3)**	(321)
Toename in ander lenings ontvangbaar	**(102)**	(36)	**-**	-
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(495)**	(409)	**(8)**	(304)
Groep tesourie-aandele	**(19)**	-	**-**	-
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**548**	405	**(2)**	302
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**34**	(4)	**(10)**	(2)
Kontant en kontantekwivalente van filiaal verkoop	**(9)**	-	**-**	-
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**24**	28	**26**	28
Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar	**49**	24	**16**	26

SEGMENTINLIGTING

SEGMENTINKOMSTE EN RESULTATE

	GROEP		GROEP	
	Segmentinkomste		Segmentwins	
	2013 R'm	2012 R'm	**2013 R'm**	2012 R'm
Beleggingsaktiwiteite (*Senwesbel*)	**-**	-	**(20)**	(26)
Finansiële dienste (*Senwes Credit en Univision Groep*)	**139**	117	**129**	56
Bedryfsaktiwiteite	**139**	177	**71**	56
Wins met oordrag van filiaal na gesamentlike onderneming	**-**	-	**58**	-
Insetverskaffing (*Senwes Village*)	**2 871**	1 627	**170**	164
Bedryfsaktiwiteite	**2 871**	1 627	**170**	111
Terugskrywing van waardedaling	**-**	-	**-**	53
Marktoegang (*Senwes Grainlink*)	**12 209**	5 403	**177**	114
Normale bedryfsaktiwiteite	**15 219**	7 147	**456**	308
Korporatiewe koste	**35**	8	**(69)**	(53)
Hermetingswins	**-**	-	**-**	219
Oorskot met verkryging	**-**	-	**1**	4
Ander bedryfsinkomste	**-**	-	**-**	2
Totale inkomste	**15 254**	7 155	**-**	-
Inkomste uit beëindigende bedrywighede	**(1 368)**	(841)	**-**	-
Insetverskaffing	**(1 332)**	(803)	**-**	-
Marktoegang	**(36)**	(38)	**-**	-
Inkomste uit voorgesette bedrywighede	**13 886**	6 314	**-**	-
Wins voor belasting			**388**	480
Belasting			**(100)**	(66)
Wins vir die jaar			**288**	414
Wins na belasting uit beëindigende bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming			**(42)**	(25)
Insetverskaffing			**(56)**	(40)
Marktoegang			**14**	15
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede			**246**	389

NETTO SEGMENTBATES

	GROEP		GROEP		GROEP	
	Bates		Laste		Netto	
	2013 R'm	2012 R'm	**2013 R'm**	2012 R'm	**2013 R'm**	2012 R'm
Beleggingsaktiwiteite	**-**	-	**(213)**	(217)	**(213)**	(217)
Finansiële dienste	**1 956**	1 765	**(1 084)**	(967)	**872**	798
Insetverskaffing	**934**	523	**(695)**	(422)	**239**	101
Marktoegang	**1 691**	1 582	**(448)**	(456)	**1 243**	1 126
Totale bedrywe	**4 581**	3 870	**(2 440)**	(2 062)	**2 141**	1 808
Korporatief	**136**	207	**(184)**	(122)	**(48)**	85
	4 717	4 077	**(2 624)**	(2 184)	**2 093**	1 893
Uitgestelde belasting	**35**	26	**(205)**	(205)	**(170)**	(179)
Totaal	**4 752**	4 103	**(2 829)**	(2 389)	**1 923**	1 714
(Bates)/laste gehou-vir-verkoop	**(343)**	-	**159**	-	**(184)**	-
Totaal	**4 409**	4 103	**(2 670)**	(2 389)	**1 739**	1 714

Vir doeleindes van bestuur en beheer, is die Groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante en bestaan uit die volgende rapporteerbare segmente:

Beleggingsaktiwiteite
(*Senwesbel*)

Dit is Senwesbel se strategie om belange in ander landbou- en landbouverwante besighede te oorweeg. Senwesbel het 'n belegging in Senwes Beperk

Finansiële dienste
(*Senwes Credit en Univision Groep*)

Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Dit sluit ook termynkrediet in. Senwes verskaf krediet aan sy groeiende kliëntebasis deur Senwes Credit. Univision sluit kommissie ontvang op kortermyn-, oes-, lewensversekeringspremies en administrasiefooie in.

Insetverskaffing
(*Senwes Village*)

Verkope by handelstakke, direkte verkope van boerdery-insette en verkope van meganisasiegoedere/-onderdele.

Marktoegang
(*Senwes Grainlink*)

Inkomste ontvang vir die hantering en opberging van landbouprodukte. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan. Inkomste ontvang uit die verkope van eie graan.

Korporatief

Hoofkantoordienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbestuur, sekretariaat, regsdienste, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne oudit, strategiese ontwikkeling, groepfinansies, tesourie en direkteure.

Belasting word op 'n groepbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye soos getoon in bedryfsegmente is op 'n armlengtebasis soortgelyk aan transaksies met derde partye.

Bestuur monitor die operasionele resultate van sy sake-eenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie is geëvalueer op grond van bedryfswins of -verlies en word konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of -verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

ONTWERP EN UITLEG: STUDIO CHATNOIR

KORPORATIEWE INLIGTING

SENWESBEL BEPERK
Reg nr: 1996/017629/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2571

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: (018) 464-7800
Faks: (018) 464-2228

OUDITEURE
Ernst & Young Ingelyf
Posbus 2322
Johannesburg
2000

AANDELEVERHANDELINGSKAMER
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwesbel Beperk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: (018) 464-7104

OORDRAGSEKRETARIS
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwesbel Beperk
Posbus 31
KLERKSDORP
2570
Telefoon: (018) 464-7121

FINANSIERINGSVENNOOT
Absa Beperk